# Net ’n oudsoldaat



**Die hel se naam is Cassinga, skryf Deon Lamprecht in die tweede vertelling van ’n groep Suid-Afrikaanse Bosoorlog-veterane se pelgrimstog na Angolese slagvelde.**




**By ’n massagraf vir die slagoffers van die Suid-Afrikaanse aanval op Cassinga: Louis Bothma (links) en Roland de Vries.** | FOTO’S: DEON LAMPRECHT



**Die groep Suid-Afrikaners voor die ou Swapo-wapenstoor in Cassinga. Voor van links is Graham Dickson, Deon Joubert, John McMahon en Louis Bothma. Agter van links is Mike Beyl, Rudolph Burger, Koos Moorcroft, Kenneth Schwartz, Jaap Steyn, Antonio Vicente (Angolese veteraan en oorlewende van Cassinga), Terence Doyle, Krige van Heerden en Roland de Vries.**

EKSKLUSIEWE AANBOD VIR Rapport-LESERS!




Bestel nóú jou
*Rapport – Ikone, skurke en scoops*
vir slegs R230!

*Ikone, skurke en scoops* is ongetwyfeld ’n nostalgiese reis. Dis ’n fotokroniek van ’n samelewing, wat begin met *Rapport* se eerste uitgawe op 29 November 1970, ’n tyd toe die land heeltemal anders daaruit gesien het as vandag. Dan neem ons jou op ’n reis van beelde, opgedeel in dekades, tot by die Suid-Afrika van vandag.

*Rapport – Ikone, skurke en scoops* word saam met ’n dubbel-CD uitgegee wat 40 treffers van 1970 tot en met 2010 insluit.

BEPERKTE VOORRAAD!
BESTEL NÓÚ!

BESTEL SO:


Voltooi die vorm en faks dit na 086 635 4347 of stuur dit per e-pos na: charlene.vdheever@media24.com.

ÓF: Stuur ’n SMS met die sleutelwoord IKONE na 34260 en ’n verteenwoordiger sal jou gedurende werksure kontak.

| | |
|---|---|
| Volledige naam & van: | |
| Posadres: | |
| Telefoonnommer: | |
| Selnommer: | |

Vir enige navrae, kontak Charlene van der Heever gerus by 011 713 9532.

Bepalings & voorwaardes:
(1) SMS’e kos R2. Foutiewe SMS’e geld nie.
(2) Die R230 sluit posgeld en verpakking in.
(3) Bestellings moet per kredietkaart of elektroniese oorplasing geskied.
(4 Media24 kan nie verantwoordelik gehou word vir enige skade, diefstal of verlies van boeke nie.
(5) Aanbod slegs geldig terwyl voorraad hou.
(6) Laat vier tot ses weke toe vir aflewering.



Die brûe van Angola lê soos die karkasse van diere met gebreekte rûe in die land se riviere.

Blackie se Plek, waar ons vroegoggend die kruis hoog bo teen die stam van die groot kremetartboom gelaat het, lê agter ons.

Die sandpad volg die kronkels van die Cunene-rivier deur ’n groen landskap waar die kremetarte die alleenheersers van die bos is.

Maar dan nader ons Xangongo – en skielik is ons in ’n landskap geskend deur oorlog. Hierlangs volg ons die spore van die Suid-Afrikaanse militêre kolonne wat in die suide van Angola Swapo-vegters, die Angolese leër, Kubane en Russe in hul vestings gaan aanval het.

Operasies soos Protea, Askari, Meebos, Cassinga, Smokeshell, Firewood, Savate – mylpale in vuur en bloed op die groep Suid-Afrikaanse veterane van die Bosoorlog se onthoupad na Cuito Cuanavale.

Die oorblyfsels van die Xangongo-brug, wat deur die Suid-Afrikaners vernietig is tydens Operasie Protea, lê ver onder ons in die Cunene terwyl ons oor die nuwe brug ry.

Dis maar net een van die baie verwoeste brûe wat op ons pad sou wees. Wat oor is van dié sementblaaie dien nou as gemeenskaplike klerewasplekke en klouterplekke vir kinders.

Net hier, vertel Roland de Vries, het hy op die ou brug gestaan en magteloos toegekyk hoe ’n Suid-Afrikaanse troep ’n huis op ’n hoogte op die westelike oewer van die rivier binnegaan – en in daardie oomblik het hy geweet wat gaan gebeur.

’n Sekonde later het die soldaat ’n deur oopgemaak en die wêreld het in sy gesig ontplof.




**“Die huis van God,” beteken dié Latynse woorde bo die deur van ’n kerk oortrek met die letsels van oorlog.**

**“Hulle is ongelooflik arm, die mense van hierdie stukkende land wat so baie gely het weens die oorlog.**

Ons gaan loop op die hoogtetjie rond. Die huis waar ’n versteekte bom die dienspligtige aan flarde geruk het, ruik na urien en ontlasting.

’n Klipgooi van die huis af is die oorblyfsels van ’n ou Portugese fort – en ’n gedenkteken vir Portugese koloniale soldate wat lank voor die Suid-Afrikaners hier kom veg en sterf het.

Wat is vermag met al die verwoesting in die suide van Angola? “Voor ons operasies hier kon Swapo met vragmotors tot by die Namibiese grens ry en dan oor die grens loop om hul landmyne te plant. Ná ons operasies moes hulle honderde kilometers te voet loop net om tot by die grens te kom,” is De Vries se pragmatiese antwoord.

Ons stoot aan, suidoos na Ondjiva. Aan albei kante van die pad ruk die roesrooi wrakke van Russiese pantservoertuie in ewige slagordes op deur die bosse.

Dan draai ons skerp noord en ry dieper in die kwesbaarste deel van Angola in. Anhaca, Evale ...

By ’n sendingstasie naby Mupa besef ek eensklaps: hier was ek al.

Daar is die kerk, hier die verlate klaskamers waar kinders se skoolboeke onder soldatestewels vertrap is, dáár die begraafplaas waar ons loopgrawe was.

Nie ver van hier nie het ons in die nag vorentoe gegaan om die lyk van ’n makker op te tel nadat die ligspoorkoeëls deur hom geskeur het.

Ek onthou hom as ’n ou wat altyd geglimlag het.

Ons laat ’n kruis by suster Eria Newoluja, die herder van hierdie kudde. En ry.

Die reis het nou sy ritme gevind. Maak ’n mens jou oë toe, is dit maklik om te glo dis 20, 30 jaar gelede. Daar is dieselfde wit sand, die versengende hitte en die vlieë.

Die Land Cruisers wieg en skud en stamp deur slaggate soos die infanterie-gevegsvoertuie van weleer.

Waar ons snags uitspan – soms naby die grashutte van plaaslike mense waar verslete vlae van die regerende MPLA-party hoog wapper – vra ons eers die hoofman se toestemming.

Hulle is ongelooflik arm, die mense van hierdie stukkende land wat so baie gely het weens die oorlog.

Hul velle is die dofswart kleur van mense wat selde op ’n vol maag slaap.

Maar hulle het die waardig-

TJDR44985/A/1

Ons is daartoe verbind om in Suid-Afrika te belê

Ons hou aan om met trots in gemeenskappe dwarsoor Suid-Afrika te belê deur ons betrokkenheid by onderwys, gesondheid, omgewingsake, entrepreneurskap en sosiale aangeleenthede. Die bou van honderde huise in benadeelde gemeenskappe, die opleiding van meer as een miljoen verbruikers in finansiële geletterdheid en die opleiding van 250 vroeëkinderontwikkelingspraktisyns is slegs enkele voorbeelde van die projekte waarby ons betrokke is. Dit alles bewys dat terwyl ons met ons koppe belê, ons dit somtyds ook met ons harte doen.

Lid van die BARCLAYS Groep

Absa Bank Bpk, Reg no 1986/004794/06. Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer. Geregistreerde Kredietverskaffer Reg no NCRCP7.

ABSA
Vandag, môre, altyd saam.

# weet hoe lyk die hel



Camille Burger oriënteer die groep in die veld met sy kaart oor die aanval op die Swapo-basis by Cassinga.



Angolese kinders by die wrak van 'n Russiese tenk wat as die plaaslike toilet gebruik word.

heid van mense wat niks anders het nie. Hulle lag terwyl hulle ons kamp-roetine bekyk en skerts met dié onder ons wat Portugees praat.

Wanneer die veterane se reis na innerlike vrede en versoening aan hulle verduidelik word, is daar 'n stille goedkeuring.

Saans is daar die luukse van 'n groot kampvuur – want destyds, toe die nag 'n beskermende sluier was, kon ons nooit vuur maak nie, herinner Jaap Steyn die groep.

In die gesprekke om die vuur is daar die begin van 'n vredigheid. Dit is asof Kenneth "Blackie" Schwartz se ontboeseming daardie eerste nag onder die kremetartboom die spanning in almal verlig het.

In die gesprekke kom drie dinge telkens na vore: 'n Respek vir die eertydse Swapo-vyand wat hard en dapper geveg het. 'n Verwondering en 'n dankbaarheid oor die vriendelike ontvangs deur die Angolese mense. En skok oor hoe verpletterd die land is.

Skoon water is skaars en ons gebruik dit net om te drink en vir tande borsel. Ons bad in die riviere saam met die plaaslike mense wanneer daar 'n kans is, so elke derde dag.

Die toilet? 'n Graaf, 'n rol "witgoud" en 'n gerieflike bos.

Nóg verder noord deur die landskap van oorlogwrakke en stukkende brûe, oor Cuvelai na Techamutete (hier begin die landmyne, waarsku 'n plaaslike inwoner).

En dan Cassinga, een van die mees omstrede hoofstukke in die geskiedenis van die Bosoorlog.

Uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt was die operasie van 4 Mei 1978 'n suksesvolle aanval deur valskermsoldate op 'n goed beskermde en strategies belangrike Swapo-basis.

Swapo het dit in die internasionale media en die Verenigde Nasies bestempel as 'n siniese aanval op 'n



Antonio Vicente, Angolese oudsoldaat en 'n oorlewende van die aanval op Cassinga.



Die pad na Cuito Cuanavale is besaai met die reste van oorlog. Die Suid-Afrikaanse veterane-konvooi het hier stilgehou om die wrakke van Russiese pantservoertuie te bekyk.

onbeskermde vlugtelingekamp.

Die waarheid lê tussen die twee – daar was 'n militêre basis én 'n vlugtelingekamp by Cassinga.

Die groep wyk nie van die voetpaadjies tussen die stukkende geboue vol koeëlgate af nie, want die eertydse myndorpie is nooit behoorlik gevee vir ou plofkoppe nie.

Die paadjie – wat wel veilig gemaak is sodat Swapo-politici jaarliks Cassinga-dag hier kan herdenk – neem jou verby loopgrawe en borswerings na twee groot, eenvoudige sementblaaie.

Onder die sement is die massagrafte van die sowat 600 mense wat hier gesterf het. Hier word verpoos vir 'n oomblik van stilte. Want elke man tel – Suid-Afrikaner, Namibiër, Angolees, Kubaan of Rus.

As 'n slagveld is dit klein en 'n engtevrees pak 'n mens beet. Dit moes 'n onbeskryflike hel hier gewees het toe die Canberra's, Buccaneers en Mirage-vliegtuie hul bomme op die Swapo-vegters en burgerlikes laat reën het.

Daarna het die valskermsoldate uit die lug neergedaal vir 'n harde geveg, eers teen die Swapo-vegters wat met lugafweerkanonne op hulle geskiet het, daarna teen Kubaanse pantservoertuie wat Swapo te hulp gesnel het.

'n Uitgeteerde man verskyn asof van nêrens, geklee in 'n verslete MPLA-hemp en pet. Sy tone steek by sy stukkende stewels uit.

Sy naam is Antonio Vicente, vertel hy in Portugees. Terence Doyle en Louis Bothma tolk.

Ja, hy is 'n Angolese oudsoldaat en hy was hier die dag van die aanval. Hy weet nou hoe lyk die hel.

Dáár was Swapo se hoofkwartier, hier die wapenstoor, daar hul loopgrawe en tente, beduie hy. En daar, die paradeterrein en die voertuigpark.

Hy self het deur die Calonga-rivier



Naby Xangongo stop twee motorfietsryers vir 'n geselsie met die Suid-Afrikaners.

gevlug. Daar het baie mense om hom verdrink terwyl hulle van die geveg af gevlug het, vertel hy.

*Volgens sy eie raming is daar meer as 500 mense – Swapo-vegters, vroue en kinders – dood en saam begrawe. Sewentien Kubane is doodgeskiet en sewe Kubaanse tenks is vernietig, sê hy.

Later het hulle die lyke van twee Suid-Afrikaanse valskermsoldate uit die rivier gehaal, sê hy. Wat met hul oorskot gebeur het, weet hy nie.

Vicente hou saam met die Suid-Afrikaanse veterane 'n gedenkdiens onder 'n boom waar 'n kruis aangebring word.

Ons vat weer die pad wat ons altyd nader aan Cuito Cuanavale neem. Maar daar is nog een ander emosionele mylpaal op hierdie dag.

Naby Indungo was dit Koos Moorcroft, die rateltaaie "recce" (oftewel 'n verkenningskommando-operateur) se beurt om sy masker te laat sak.

Hier, tydens Operasie Firewood in 1987, was hy deel van 'n "recce"-aanvalsgroep wat ook valskermsoldate ingesluit het.

Hulle het daardie dag 'n baie duur prys betaal vir hul oorwinning oor Swapo. Negentien Suid-Afrikaners is dood en 69 is gewond. Dit was een van die "recce's" se bloedigste dae – en een wat moontlik die uitslag van die latere gevegte by die verre Cuito Cuanavale sou help bepaal.

" 'n Mens praat nie maklik oor hierdie goed nie, dit maak seer," het Koos gesê. Sy stem het gebreek – maar net vir 'n oomblik.

**Lees volgende week oor "die aambeeld" – Cuito Cuanavale – en 32 Battaljon se donker dag by die Savaterivier.**

**➔ Dié reeks oor die reis van 'n groep Suid-Afrikaanse veterane na die Angolese slagvelde is nie 'n poging tot 'n historiese of strategiese rekord nie. Dit is 'n menslike vertelling van die belewenisse van veterane. Die ervarings van individue, soos dié van die Angolese veteraan Antonio Vicente mag daarom verskil van ander weergawes en historiese dokumente oor die veldslae.**


2011 SASOL-KALENDER




Sasol, die trotse borg van die Springbok-rugbyspan, het 'n Sasol-kalender vir 2011 saamgestel.

Dié kalender is vanaf **3 Desember** by sasol delight!™ **se geriefswinkels** landwyd beskikbaar.

Bestee R30 of meer op uitgesoekte voorraad in die *Sasol Delight*-winkels en ontvang 'n gratis kalender!

Die foto's in die kalender beeld die uitmuntende werk van sportfotograwe wat vir die Sasol Springbok-mediatoekennings ingeskryf is. Dié bekroonde foto's is deur die beste Suid-Afrikaanse sportfotograwe geneem en wys treffende oomblikke in die Springbok-rugbyjaar.

**Die 2011 Sasol-kalender is 'n kalendar wat 'n toegewyde Springbok-ondersteuner moet besit.**




WEN! WEN! WEN!

20 Rapport -lesers kan elk 'n Sasol-kalender wen!

Beantwoord die volgende vraag: Wie versprei die kalender by sy geriefswinkels?

SMS die sleutelwoord **BOK**, jou antwoord, jou naam en van na 36569 om vir die trekking in aanmerking te kom. Bv. BOK *Rapport* André Nel.

SMS'e kos R5. Sluitingsdatum: 17 November. Vir bepalings en voorwaardes, besoek www.rapportklub.mobi.



TJDR44983/A/2

Ons is verbind tot 24/7, 365 bankdienste

5 880 OTM'e landswyd, 1 046 122 Internetbankdienste-kliënte, 2 400 373 Selfoonbankdienste-kliënte en 6 404 478 NotifyMe-kliënte.*
Dit alles maak bankure irrelevant.

**Syfers korrek teen druktyd.*

Lid van die BARCLAYS Groep

Absa Bank Bpk, Reg no 1986/004794/06. Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer. Geregistreerde Kredietverskaffer Reg no NCRCP7.

ABSA
Vandag, môre, altyd saam.